| EKSAMEN | NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT |
| --- | --- |
| **GRAAD** | 12 |
| **DATUM** | MEI/JUNIE 2024 |
| **VAK** | GESKIEDENIS |
| **VRAESTEL** | 2 |
| **TOTAAL** | 150 |
| **DUUR (URE)** | 3 |
| **AANTAL BLADSYE** | 14 |
| **ADDENDUM** | |

SACAI

SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE

SUID-AFRIKAANSE KOMPREHENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

## VRAAG 1: WATTER UITDAGINGS MOES DIE APARTHEIDSREGIME IN DIE 1980's TROTSEER?

### BRON 1A

Die bron hieronder is ŉ uittreksel uit 'n toespraak wat op 20 Augustus 1983 deur Eerw. Frank Chikane tydens die bekendstelling van die United Democratic Front (UDF) in Rocklands, Mitchells Plain, Kaapstad gelewer is. Dit verduidelik die belangrikheid van ŉ verenigde front teen die 1983-Apartheidshervormings.

> Kamerade, vriende, hierdie dag, vandag, is die afsluiting (hoogtepunt) van sewe maande se werk ten einde die United Democratic Front van stapel te stuur. Verseker gaan ons die geskiedenis binne as 'n belangrike gebeurtenis wat die gety van die bevrydingstryd versterk. Dit sal begin by die dag wanneer mense sal sê ons is vry en geregtigheid is hier, wanneer mense as broers en susters sonder die uitbuiting en onderdrukking van ander sal saam lewe. Nietemin, alhoewel vandag 'n spesiale dag is, val dit steeds binne die spektrum van die bevrydingstryd in Suid-Afrika.
>
> ... Vir die afgelope twintig jaar is die idee van 'n front 'n nuwe konsep in die vryheidstryd, en word verstaan dat so 'n front ten gunste van eenheid-in-aksie is en word die feit dat die organisasies wat verenig almal verskille sal hê, aanvaar. Verder is daar ook verskille van klas, verskille van ideologie, verskille van voorneme, maar almal stem saam dat hulle die hervormingsvoorstelle wat die Botha-regime voorstel verwerp, en dat hulle gevolglik ŉ breë front benodig om dit te bereik.
>
> Dit noodsaak derhalwe die vestiging van hierdie groep, nie noodwendig as 'n nasionale politieke organisasie nie, maar as 'n verenigde front met die enkele doel om die *Koornhof-wette te teen te staan ...
>
> ... En ek wil 'n beroep op julle, al die vredeliewende mense van Suid-Afrika, doen om hande te vat, om sy-aan-sy in die geveg teen die implimentering van hierdie hervormingsvoorstelle te loop sodat ons die stelsel kan vernietig, sodat ons 'n regering van die mense kan daarstel waarin die mense sal regeer ooreenkomstig hulle eie wil en wense.

*[Uit: A History of the United Democratic Front in South Africa 1983-1991 deur J Seekings]*

**<u>*Verduideliking van Koornhofwette</u>**

Verwys na wetgewing vernoem na Piet Koornhof, die Nasionale Party se Minister van Samewerking en Ontwikkeling in die vroeë 1980's. Dit het gehoop om swart plaaslike bestuur te ontwikkel, om instromingsbeheer te versterk, en om die Afrika-mense te verdeel in platttelandse en stedelike inwoners (ook vir beheerdoeleindes).

**BRON 1B**

Die bron hieronder is ʼn uittreksel uit 'n South African History Online webtuiste met die opskrif: “The 1980s and the crisis of Apartheid”. Dit handel oor die effek van Botha se Driekamer Parlement.

Die burgerlike samelewing se protes teen die Driekamer Parlement het getoon dat die meerderheid Suid-Afrikaners gekant was teen die nuwe struktuur. Die opkoms van Kleurling- en Indiër-kiesers was uiters laag, maar nietemin het die inhuldiging van die nuwe parlement, vroeg in 1985, voortgegaan. Diegene wat aan die driekamerstelsel deelgeneem het, is '*sell-outs* ', ‘samesweerders’ en 'marionette' genoem.

Die amp van Eerste Minister is afgeskaf en vervang met dié van Uitvoerende President, ʼn baie magtige posisie vir een persoon. P.W. Botha het dus Regeringshoof en Staatshoof geword.

In reaksie op hierdie politieke verwikkelinge is die land deur massa-aksie (veldtogte) geteister. Dit het stakings, massabetogings en skool-, huur- en verbruikersboikotte ingesluit. Geweld het by baie geleenthede uitgebreek, en die regering het reageer deur 'n noodtoestand af te kondig wat vir 'n groot deel van die 1980's geduur het. Noodregulasies is gebruik om nie-parlementêre groepe se aktiwiteite ernstig te beperk.

Die huise van '*sell-outs*', regeringsgeboue en biersale is aangeval. Die Apartheidsregering het gepraat van 'n 'totale aanslag' deur 'terroriste' en 'kommuniste'. Die weermag is in 1984 na die townships gestuur, maar die Apartheidsregime kon nooit weer die situasie omkeer nie.

Soos die dekade deur een historikus opgesom word:

"Die weerstand van die middel 1980's het die 'Totale Strategie'-taktiek van die Botha-regering geheel en al vernietig. Die Driekamer Parlement en Swart stedelike rade is pertinent verwerp deur die eis vir '*People's Power’* (Mag aan die Mense). Die veldtog om harte en oortuigings te wen was aan flarde (tot niet), duisende was in aanhouding en townships was beset deur die weermag ... Die ineenstorting van die Totale Strategie het dit laat lyk asof die regering nie nuwe planne gehad het nie, en op interne onderdrukking en aan ʼn beeld van valse bravade vir die buitewêreld, moes vertrou.”

*[Uit: https://www.sahistory.org.za/article/1980s-and-crisis-apartheid. Toegang verkry op 22 Februarie 2022.]*

**BRON 1C**

Die bron hieronder is ‘n uittreksel uit ‘n boek geskryf deur ‘n historikus, A Jeffery. Dit verduidelik die gebeure gedurende die vredesopmars na die Kaapstadse Stadsaal op 13 September 1989. Dié opmars is deur die Mass Democratic Movement (MDM) teen polisiebrutaliteit georganiseer.

In die nadraai (uitkoms) van die verkiesing het die MDM belowe om die Veldtog van Ongehoorsaamheid te verskerp. Tutu en Boesak het gesê dat hulle ‘n opmars na die parlement, wat op 13 September 1989 sou heropen, sal lei om uiting te gee aan die woede teen die menseslagting deur polisie op verkiesingsdag. Op die dag voor die protes het Tutu aangekondig dat die optog eerder na die Kaapstad Stadsaal as na die parlement sou gaan. Hy het bygevoeg dat die optog vreedsaam en gedissiplineerd sou wees, maar het ook beklemtoon dat daar geen sprake daarvan was dat die optog laat vaar (gestop) sal word nie. ‘Hulle het ons mense doodgemaak’, het hy gesê. Dit het nie saak gemaak of die dodetal 23 was, soos hy voorheen beweer het, of 15 soos die polisie gesê het nie. ‘Vyftien is ‘n massamoord ...Selfs al werk ons net met hulle syfers, is dit ‘n skandaal (skande)’.

Aangemoedig deur die versekering deur Ds Johan Heyns, die moderator (onderhandelaar) van die Nederlands Gereformeerde Kerk, dat die opmars nie-gewelddadig sou wees, het De Klerk toestemming gegee dat dit voort mag gaan, en gesê: ‘Ons kan nie ‘n demokrasie sonder protesoptogte hê nie’. De Klerk het bygevoeg dat daar geen rede was vir mense om uiting aan hulle politieke aspirasies (ambisies) te gee deur wanordelike protes of oproer nie. ‘Die deur na ‘n nuwe Suid-Afrika staan oop. Dit is onnodig om dit toe te slaan’, het hy gesê.

Die opmars wat vreedsaam afgeloop het, het die *de facto* (werklike) ontbanning van die ANC ingelui. ANC vlae en baniere is prominent vertoon.

Plakkate met ANC slagspreuke is openlik vertoon, ANC vryheidsliedere is gesing, en die ANC leiers aangeprys. Tutu en Boesak het die menigte van die balkon van die Stadsaal, wat met vlae van die ANC en die UDF opgetooi (versier) was, toegespreek. Die biljette het verklaar ‘Stap Kaapstad Oop’. Die polisie het ‘n lae profiel gehandhaaf, en geen aksie is geneem om die verbanning van die ANC of beperkinge op die UDF af te dwing nie.

*[Uit: People’s War – New Light On The Struggle For South Africa deur A Jeffery.]*

**BRON 1D**

Die Anglikaanse Aartsbiskop van Kaapstad, Desmond Tutu (in die middel) draf saam met ‘n skare ondersteuners op ‘n Slegs vir Blankes-strand naby Kaapstad op Saterdag 30 September 1989, terwyl kerklike organisasies hulle veldtog teen Apartheidswette voort sit.




*[UIt: https://www.bloomberg.com/news/articles/2013-12-10/life-in-apartheid-era-south-africa. Toegang verkry op 3 June 2023]*

© SACAI KOPIEREG

## VRAAG 2: HOE HET DIE WAARHEID-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) DIE MENSEREGTESKENDINGS HANTEER?

### BRON 2A

Die onderstaande twee verklarings is op 29 April 1996 aan die WVK voorgelê.

**Verklaring 1: Die volgende is die verklaring van Rokaya Saloojee, die eggenote van die vermoorde aktivis Suluman Saloojee. Hy is deur die polisiemag op 9 September 1964 in Johannesburg vermoor.**

Die weduwee van Suluman Saloojee, wie se man in 1964 in polisie-aanhouding gesterf het, het gesê dat sy dood haar met ‘n langdurige (blywende) haat teenoor sommige wittes gelaat het. “Wanneer ek ‘n wit polisieman sien, haat ek hom, ek is jammer om te sê”. het Rokaya Saloojee die WVK op die tweede dag van die verhore in Johannesburg gesê.

Suluman Saloojee, ‘n 32-jarige prokureursklerk, was aktief in die Transvaal Indian Congress en die ANC. Hy is op 6 Julie 1964 deur die polisie in hegtenis geneem, en het na bewering op 9 September van die sewende verdieping van die polisie se hoofkwartiere na sy dood geval. Rokaya het gesê dat die ondersoek ten opsigte van Saloojee se dood ongeveer vyf minute geduur het. Die magistrate het haar nie toegelaat om vrae te vra nie, en gesê “Dit is al” toe sy gevra het waarom haar eggenoot se klere dan bebloed was.

**Verklaring 2: Die volgende verklaring is deur James Simpson, ‘n oorlewende van die Kerkstraatbom in Pretoria op 20 Mei 1983.**

James Simpson is op 20 Mei 1983 deur ‘n motorbom in Kerkstraat, Pretoria, beseer. Die bom, wat waarskynlik deur die ANC geplant is, het 19 mense gedood. Simpson het die WVK meegedeel dat hy in sy kantoor gewerk het toe die bom ontplof het. Skerwe (stukkies) glas is deur sy kantoor versprei, het sy gesig gesny en splinters in sy oë gelaat. “Toe ek by die straat gekom het, het ek motors wat brand en beseerde mense wat rondlê, gesien. My simpatie lê by die beseerdes wat nooit ten volle herstel het nie”. Simpson het gesê dat hy moet weet wie die bomplanters was ten einde hulle te kan vergewe. Die twee mans wat die bom geplant het, is egter in die ontploffing gedood.

In antwoord op die vraag van die voorsitter van die Kommissie, Aartsbiskop Tutu, wat hy van die mense wat die opdrag vir die plant van die bom gegee het verwag, het Simpson gesê “Hulle moet eenvoudig net erken dat hulle die opdrag gegee het”.

*[Uit: The South African Press Association Report on the TRC, 30 April 1996. Aangehaal in C Culpin, South Africa since 1948.]*

**BRON 2B**

Die uittreksel uit *Ubu and the Truth Commission* hieronder beklemtoon die kritiek teen die WVK. Ubu and the Truth Commission is ‘n Suid-Afrikaanse toneelstuk deur Jane Taylor. Dit is die eerste keer op 26 Mei 1997 opgevoer.

Alhoewel die bedoeling was om die wonde wat in die land se geskiedenis ingemessel (ingewortel) is, te lawe (salf aan te smeer) en ‘n stem aan die slagoffers te gee, het die WVK baie kritiek ontvang. Die kritici bevraagteken of die kommissie doeltreffend die vroeëre ongeregtighede ontbloot het, of slegs verbande daaroor geplaas het. Sommige kritici het die kommissie se uitbuiting van indiwiduele trauma betreur; die kommissie het dikwels pynvolle, persoonlike weergawes van verlies en stryd omskep in openbare voorbeelde ten einde ‘n kollektiewe eis te wettig, wat op sy beurt emosies uitgelok het maar weinig bygedra het om verandering te mobiliseer (aktiveer). Te wyte aan die inherente teenstrydigheid (verskille) tussen die emosies van die getuies en die vertalings van hulle weergawes, het baie van die vurige (emosionele) impak in die vertaling verlore gegaan; uiteindelik is getuies gebrei (verhard) teen die hartroerende (ontstellende) getuienis van tragedie. Verder, die kwytskelding van die Apartheidsregering se skending van menseregte het baie swart Suid-Afrikaners, wat geglo het dat vervolging en skuldigbevinding die enigste manier is om reg te laat geskied, kwaad gemaak. Dis opmerklik dat die familie van die anti-Apartheidsaktivis, Steve Biko, amnestie vir sy moordenaars teengestaan het deur te argumenteer dat die kommissie ongrondwetlik opgetree het. Ten spyte van strukturele gebreke en tekortkominge het die WVK noodsaaklik blyk te wees vir die rekonsiliasie van beide die nasie én die staat.

*[Uit Ubu and the Truth Commission deur J Taylor]*

**BRON 2C**

Die bron hieronder, geneem uit 'n boek wat geskryf is deur Olaf Bubenzer, 'n Doktor in die Regte (Wetgewing), verskaf inligting aangaande die bevindinge in die verhore van die WVK ten opsigte van amnestie-aansoeke vir die moorde op die PEBCO Drie.

Die Amnestiekomitee van die WVK het in 1996 amnestie-aansoeke van Gideon Nieuwoudt, Harold Snyman, Barend du Plessis, Johannes van Zyl en Gerhardus Lotz van die Port Elizabeth Veiligheidstak ontvang. Snyman en Du Plessis was nie fisies betrokke by die ontvoering en moord van die PEBCO Drie nie, maar dié twee het die ontvoering en moord gemagtig. Snyman, die bevelvoerder van die Oos Kaapse Veiligheidspolisie, is deur Du Plessis genader met die suggestie dat die drie aktiviste vermoor word.

Teenstrydige (weersprekende) getuienis is tydens die amnestieverhore gelewer. Die aansoek van die Port Elizabethse Veiligheidspolisie het verklaar dat geen marteling tydens ondervraging deur Van Zyl, Lotz en Nieuwoudt plaasgevind het nie. Hierdie getuienis is weerspreek deur die Vlakplaas *askaris* (lede van die ANC wat oorgeloop het en by die Apartheidsregering se polisiemag aangesluit het) Mogoai, Koole en Mamasela, wat aangevoer het dat hulle teenwoordig was tydens die ondervraging, waartydens die drie slagoffers na bewering ernstige aangerand is.

Die Amnestiekomitee van die WVK het die volgende verklaar:

(1) Harold Snyman is amnestie toegestaan vir sameswering (beplanning) en die bevel vir die ontvoering en moord van Hashe, Godolozi en Galela.

(2) Amnestie is geweier vir Hermanus Barend du Plessis, Gideon Nieuwoudt, Johannes van Zyl en Gerhardus Lotz vir sameswering en bevel om die drie oorledenes te ontvoer en te vermoor.


(3) Amnestie is aan Mogoai, vir die ontvoering en aanranding van die PEBCO Drie, toegestaan.

*[Uit: Post-TRC Prosecutions in South Africa deur Olaf Bubenzer]*

© SACAI KOPIEREG 

**BRON 2D**

Hierdie spotprent deur Zapiro dui op die Nasionale Party se voorlegging ('NP Submission') aan die WVK onder voorsitterskap van Desmond Tutu. Dit het in die Sowetan van 23 September 1996 verskyn onder die opskrif: "The Hole Truth (Die Volle Waarheid)'.




*[Uit: https://www.dailymaverick.co.za/article/2021-12-26-the-archs-life-in-zapiros-cartoons/. Toegang verkry op 7 Mei 2023.]*

## VRAAG 3: HOE HANDHAAF SUID-AFRIKA HOM IN DIE GLOBALE WÊRELD?

### BRON 3A

Die bron hieronder kom uit 'n artikel '*A Russian love affair': Why South Africa stays 'neutral' on war'* geskryf deur Crystal Orderson, (voormalige Assistent-redakteur by Suid-Afrika se nuuskanaal, eNCA News) gepubliseer op 2 Junie 2023 vir Al Jazeera, 'n onafhanklike nuuskanaal in die hoofstad van Qatar**,** Doha.

**Kaapstad, Suid-Afrika** – 'n Afvaardiging van senior amptenare van die regerende African National Congress (ANC) het in April 'n uitnodiging van 'n "jarelange-bondgenoot", Rusland se regerende party, aanvaar. Die afvaardiging het na Moskou gereis om, volgens die ANC, die "herkalibrering (verandering) in die globale orde" te bespreek. Die Adjunk-Minister van Buitelandse Sake, Alvin Botes, was onder die afgevaardigdes.

Die hoof van die weermag, Lawrence Mbatha, was ook in daardie maand in Moskou op uitnodiging van Oleg Salyukov, die bevelvoerder van die Russiese grongmagte, wat die besoek as 'n "welwillendheidsbesoek" beskryf het. Die Minister van Staatsveiligheid, Khumbudzo Ntshavheni, gaan Rusland ook binne 'n paar dae besoek vóór President Cyril Ramaphosa, as deel van ʼn Afrika-vredesending, na Rusland en Oekraïne.

Die opwinding van hoë-profiel besoeke kom, alhoewel Suid-Afrika in die openbaar daarop aandring dat Suid-Afrika neutraal staan in die oorlog tussen Rusland en Oekraïne, ten spyte van langdurige bande met Moskou.

En nou, in die aanloop tot die BRICS-beraad van Brasilië, Rusland, Indië en China in Augustus in Suid-Afrika, gaan daardie neutraliteit getoets word.

Die Internasionale Kriminele Hof (IKH) het in Maart 'n lasbrief vir die inhegtenisname van die Russiese President Vladimir Putin uitgereik weens die gedwonge deportering van kinders van Oekraïne na Rusland.

Suid-Afrika, as ondertekenaar van die IKH, is verplig om die hofbevel te gehoorsaam sodra Putin in Suid-Afrika voet aan wal sit. Die Russiese leier het aangedui dat hy inderdaad die beraad gaan bywoon, en so die toneel geskep vir ʼn dramatiese diplomatieke dilemma.

Pretoria het inderdaad gesê dat hy sy wetlike (regs-) opsies opweeg, insluitende immuniteit vir besoekende amptenare ...

*[Uit: https://www.aljazeera.com/features/2023/6/2/a-russian-love-affair-why-south-africa-stays-neutral-on-war. Toegang verkry op 17 June 2023.]*

## BRON 3B

Die bron hieronder fokus op die rol wat Suid-Afrika gespeel het as gasheer van die BRICS-beraad wat in Julie 2018 in Sandton, Johannesburg gehou is. Die artikel is op 29 Januarie 2018 gepubliseer op die Suid-Afrikaanse regering se webblad (Sanews.gov.za).

Suid-Afrika, wat die roterende voorsitterskap van die opkomende ekonomiese groepering van Brasilië, Rusland, Indië, China en Suid-Afrika (BRICS) oorgeneem het, is gereed om die 10e beraad in Julie 2018 aan te bied.

Die beraad, wat geskeduleer is vir 25 tot 27 Julie in die Sandton Konvensiesentrum in Johannesburg, sal aandui hoe Suid-Afrika voortbou op die program van ontwikkeling en welvaart vir vennootlande.

Suid-Afrika se BRICS Sherpa (leier), Ambassadeur Anil Sooklal het gedurende die Rondetafel-gesprekke van die BRICS belangegroep, gesê dat "BRICS 'n belangrike globale groepering is en dat Suid-Afrika bevoorreg is om die beraad vir 'n tweede keer aan te bied soos wat ons die tweede dekade van samewerking betree. Ons het reeds vir nege jaar in die vorm van 'n beraad ontmoet en dit sal nou die 10e sessie wees. Die eerste beraad wat ons in 2013 aangebied het, was baie suksesvol met baie tasbare (werkilke) uitkomste en die resultate van daardie beraad is sigbaar in die werking van BRICS en die globale gemeenskap, en ons is vol vertroue dat hierdie beraad in daardie voetspore sal volg".

Sooklal het gesê die beraad sal die samewerking wat BRICS-lede geniet, ten toon stel, asook BRICS se globale impak soos hulle die sleutel-uitdagings wat ontwikkelende lande moet trotseer (soos ontwikkelingsuitdagings, om hulle ekonomieë te laat groei, en om armoede en werkloosheid aan te spreek) aanspreek.

Binne die BRICS-konteks het Suid-Afrika, volgens Sooklal, drie primêre doelwitte naamlik ontwikkeling en inklusiewe groei, om handel wat waarde toevoeg tussen die BRICS-lede te bevorder, en om investering aan te moedig.

*[Uit: https://www.sanews.gov.za/south-africa/sa-host-10th-brics-summit-july. Toegang verkry op 15 Maart 2019]*

**BRON 3C**

Die bron hieronder is 'n uittreksel uit 'n verslag: "Russia, South Africa and a 'redesigned global order': The Kremlin's hearts and minds machine is steaming ahead". Dit is op 26 Januarie 2023 deur geskryf deur Elliot Smith, 'n korrespondent vir die CNBC International in Londen.

Op 24 Februarie 2022, kort na die inval in die Oekraïne, het Suid-Afrika Rusland aangemoedig om onmiddellik sy magte uit die Oekraïne te onttrek. Sedertdien het die gesindheid verander. Suid-Afrika was een van 15 Afrika-nasies wat rakende Rusland se daad van aggressie by die gevolglike VN-stemming in Maart buite stemming gebly het.

In ŉ perskonferensie, gesamentlik met Lavrov (Russiese Minister van Buitelandse Sake), het Suid-Afrika se Minister van Buitelandse Sake, Naledi Pandor, gesê dit sou "simplisties en onvolwasse" gewees het om Rusland se onttrekking tydens hul vergadering te eis en te verwys na die "grootskaalse wapenvoorsiening " van Westerse moondhede om Oekraïne se militêre pogings te ondersteun.

Pandor het ook die "groeiende ekonomiese bilaterale verhouding" tussen Pretoria en Moskou, tesame met "politieke, ekonomiese, maatskaplike, verdedigings- en veiligheidsamewerking", geloof (geprys).

Sy het die multilaterale verantwoordelikhede van die BRICS-blok (Brasilië, Rusland, Indië, China en Suid-Afrika) van toonaangewende ontluikende ekonomieë in 'n veranderende globale landskap, beklemtoon.

Suid-Afrika sal vanjaar die BRICS-beraad aanbied en die regerende African National Congress (ANC) het voorgestel dat Pretoria die voorsitterskap kan gebruik om aan te dring op die toelating van nuwe lede om die blok se invloed uit te brei, wat ŉ uitdaging kan bied vir die oorheersing van die globale supermoondhede.

"Die huidige globale geo-politieke spanning dui duidelik die behoefte aan om institusionele meganismes te skep wat die reputasie en globale vertroue sal hê om globale vrede en veiligheid te bevorder en te ondersteun - BRICS moet 'n pro-aktiewe rol in opkomende prosesse speel en verseker dat dit deel is van 'n herontwerpte globale bestel," het Pandor gesê.

Alhoewel sy gevra het dat die oorlog "deur diplomasie en onderhandelinge tot 'n vreedsame einde gebring moet word", was daar nie ŉ direkte afkeur van die inval nie.

Suid-Afrika sal tussen 17 en 27 Februarie 'n vlootoefening saam met Rusland en China aanbied. Pandor het vrese besweer deur aan te voer dat sodanige oefeninge saam met "vriende" deel was van die "natuurlike verloop van betrekkinge", en die opvatting dat slegs sekere lande aanvaarbare vennote is, gekritiseer.

*[Uit: https://www.cnbc.com/2023/01/26/russia-south-africa-and-a-redesigned-global-order.html. Toegang verkry op 23 Maart 2023]*

**BRON 3D**

Die onderstaande spotprent is op 14 Oktober 2016 in *The Times of India,* 'n nuusblad wat in Delhi gesetel is, gepubliseer. Die haaivinne stel TERREUR, BERAAD, RESSESSIE en ARMOEDE voor.




*[Uit https://timesofindia.indiatimes.com/cartoons/ninans-world/brics-summit/cartoonshow/54851552.cms / Toegang verkry op 25 Maart 2023]*

**DIE BRICS-BERAAD-GOA**

**Oh, oh – miskien is dit nie die beste tyd vir ons watersport nie.**

**ERKENNINGS:**

Visuele bronne en ander historiese bewyse is uit die volgende geneem:

Bubenzer O. *Post-TRC Prosecutions in South Africa*

Jeffery A. *People's War – New Light On The Struggle For South Africa*

Seekings J. A *History of the United Democratic Front in South Africa 1983–1991*

Taylor J. 1998. *Ubu and the Truth Commission.* Cape Town. University of Cape Town Press.

https://www.sahistory.org.za/article/1980s-and-crisis-apartheid.

https://www.bloomberg.com/news/articles/2013-12-10/life-in-apartheid-era-south-africa.

https://www.dailymaverick.co.za/article/2021-12-26-the-archs-life-in-zapiros-cartoons.

https://www.aljazeera.com/features/2023/6/2/a-russian-love-affair-why-south-africa-stays-neutral-on-war.

https://www.cnbc.com/2023/01/26/russia-south-africa-and-a-redesigned-global-order.html.

https://www.sanews.gov.za/south-africa/sa-host-10th-brics-summit-july.

https://timesofindia.indiatimes.com/cartoons/ninans-world/brics-summit/cartoonshow/54851552.cms.

*The South African Press Association Report on the TRC, 30 April 1996.*
Quoted in C Culpin, South Africa since 1948.